- (a) 'n organisasiekaart wat skeiding van werksaamhede en verantwoordelikhede aandui;
 - (b) 'n beskrywing van die pligte en verantwoordelikhede van elke pos wat op die organisasiekaart verskyn;
 - (c) 'n gedetailleerde, verhalende beskrywing van die administratiewe en boekhouding-prosedures, wat daarop gerig is om aan die vereistes van regulasie 19(2) te voldoen;
 - (d) 'n brief van 'n onafhanklike geëkspertiseerde rekenmeester wat verklaar dat die stelsel van interne beheer deur die rekenmeester nagegaan is en aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen; en
 - (e) verdere inligting wat die Raad mag vereis.
- (3) As die Raad bepaal dat die stelsel van interne beheer van die aansoeker vir 'n lisensie nie aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen nie, stel hy die aansoeker skriftelik daarvan in kennis.
- (4) Die aansoeker of lisensiehouer pas sy of haar interne beheerstelsel binne 30 dae ná ontvangs van die kennisgewing in subregulasie (3) bedoel, dienooreenkomstig aan en lê 'n afskrif van die gewysigde stelsel aan die Raad voor vir goedkeuring.

Wysiging van stelsel van interne beheer

22. (1) Die lisensiehouer wat sy stelsel van interne beheer wil wysig, moet vóór implementering van die gewysigde stelsel 'n afskrif van die skriftelike interne beheerstelsel, soos gewysig, vir goedkeuring aan die Raad voorlê.
- (2) Die bepalings van regulasies 21(2) tot (4) is *mutatis mutandis* op 'n aansoek vir goedkeuring in subregulasie (1) bedoel van toepassing.

Waarborg vir voltooiing van perseel

23. (1) As 'n aansoek vir 'n lisensie ten opsigte van 'n perseel wat nog nie gebou of voltooi is nie deur die Raad goedgekeur word, verskaf die aansoeker sodanige verbeurbare waarborg aan die Raad as wat die Raad vir die voltooiing van die konstruksie van die perseel mag vereis.
- (2) As die konstruksie van die perseel, of fases daarvan, nie weselik in ooreenstemming met die plan deur die Raad goedgekeur of binne die tydperk wat as 'n voorwaarde van die lisensie bepaal is, voltooi word nie, kan die lisensie herroep word of beskou word as nie uitgereik nie en die waarborg in subregulasie (1) genoem, verbeur word.

Gelde

24. Die gelde betaalbaar kragtens die Wet word in die Bylae uiteengesit en word in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal.

Hoofstuk III **BEPALINGS MET BETREKKING TOT CASINO'S ALLEEN**

Tafelspelle

25. (1) Die minimum en maksimum toegelate wedgelde, soos wat die Raad mag bepaal, en die pryse betaalbaar ten opsigte van wen-weddenskappe van toepassing op elke gelisensieerde spel word te alle tye op die tafel of op 'n opsigtelike plek reg langsaaan vertoon.
- (2) Uitbetaalskediules of pryskaarte dui werklike uitbetalings of pryse van toepassing op die bepaalde spel korrek aan en word nie bewoord op 'n wyse bedoel om die publiek te mislei nie.

Dobbelmasjiene

26. (1) Toegelate wedgelde en pryse kan deur die Raad bepaal word.
- (2) Dobbelmasjiene blootgestel vir spel gee 'n teoretiese en bewysbare terugbetaling aan die publiek van minstens 80 persent.
- (3) Alle wenkombinasies, tesame met die ooreenstemmende pryse, word duidelik vertoon of is maklik toeganklik vir die speler op elke dobbelmasjiene blootgestel vir spel.

Kontrole oor kaarte en dobbelstene

27. Elke lisensiehouer lê prosedures wat voldoende sekuriteit vir kaarte, dobbelstene en roulettteballe verskaf en die moontlikheid van ongemagtigde toegang en knoeiery beperk, aan die Raad voor, asook -

- (a) 'n kaarte- dobbelstene- en roulettebal-inventarisstelsel wat minstens die optekening van die volgende insluit:
 - (i) die balans van kaarte, dobbelstene en rouletteballe in voorraad;
 - (ii) kaarte, dobbelstene en rouletteballe wat uit voorraad verwyder word;
 - (iii) kaarte, dobbelstene en rouletteballe wat in voorraad teruggeplaas word of van die vervaardiger ontvang word;
 - (iv) die datum van die transaksie; en
 - (v) die handtekening van die werknemers wat betrokke is;
- (b) 'n daaglikse rekonsiliasie van die kaarte, dobbelstene en rouletteballe wat uitgekeer is, die kaarte, dobbelstene en rouletteballe wat vernietig en gekanselleer is, die kaarte, dobbelstene en rouletteballe terugbesorg aan die hoofvoorraad-area en, indien enige, die kaarte, dobbelstene en rouletteballe in voorraad;
- (c) 'n fisiese inventaris van die kaarte, dobbelstene en rouletteballe deur 'n onafhanklike persoon minstens een keer elke drie maande; en
- (d) prosedures vir vernietiging en kansellering van kaarte, dobbelstene en rouletteballe.

Goedkeuring van skyfies en tekens, aansoek en prosedures

28. (1) 'n Lisensiehouer reik nie skyfies of tekens vir gebruik in sy of haar dobbelonderneming uit, of verkoop of los skyfies of tekens af, tensy die skyfies of tekens skriftelik deur die Raad goedgekeur is nie.
- (2) 'n Lisensiehouer reik nie skyfies of tekens vir gebruik in sy of haar dobbelonderneming uit, of verkoop of los skyfies of tekens af wat wysigings van skyfies of tekens is wat voorheen deur die Raad goedgekeur is, tensy die wysigings skriftelik deur die Raad goedgekeur is nie.
- (3) Aansoeke vir goedkeuring van skyfies, tekens en wysigings aan reeds-goedgekeurde skyfies of tekens word gemaak, verwerk en bepaal op die wyse en deur die vorms te gebruik soos wat die Raad mag goedkeur.
- (4) Bykomend tot ander items of inligting wat die Raad mag vereis, bevat elke aansoek -
- (a) 'n presiese skets in kleur van elke kant en die rand van die voorgestelde skyfie of teken, geskets na werklike grootte of groter as werklike grootte en op skaal, en met aanwysings van die mates van die voorgestelde skyfie of teken by elke afmeting;
 - (b) geskrewe spesifikasies van die voorgestelde skyfie of teken;
 - (c) die naam en adres van die vervaardiger; en

- (d) die lisensiehouer se voorgenome gebruik vir die voorgestelde skyfies of tekens.
- (5) As die Raad ná ontvangs en oorweging van die items en inligting in subregulasie (4) beskryf, tevrede is dat die voorgestelde skyfies en tekens aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen, stel die Raad die lisensiehouer skriftelik in kennis en vra 'n voorbeeld van die voorgestelde skyfies of tekens in finale, vervaardigde vorm aan, waarop die lisensiehouer dit moet indien.
- (6) As die Raad tevrede is dat die voorbeeld aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen en met die inligting wat saam met die lisensiehouer se aansoek voorgelê is, ooreenkom, keur hy die voorgestelde skyfies of tekens goed en stel die lisensiehouer skriftelik in kennis.
- (7) As 'n voorwaarde vir goedkeuring van skyfies of tekens wat vir gebruik by 'n spesifieke tafel- of toonbankspel uitgereik is, kan die Raad die lisensiehouer verbied om die skyfies of tekens vir ander spele as die gespesifiseerde spel te gebruik.
- (8) Die Raad kan die voorbeeldskyfies en -tekens wat kragtens hierdie regulasie voorgelê is, behou.

Spesifikasies vir skyfies en tekens

29. (1) Skyfies en tekens word in ooreenstemming met alle toepaslike wette van die Republiek en hierdie regulasies ontwerp, vervaardig en gemaak, om vervalsing van die skyfies en tekens sover redelik moontlik te verhoed.
- (2) Skyfies en tekens toon nie 'n bedrieglike ooreenkoms met enige huidige of voormalige geldsoorte van die Republiek of enige ander land nie.
- (3) Bykomend tot ander spesifikasies wat die Raad mag goedkeur -
- (a) word die naam van die dobbelonderneming wat uitreik op elke kant van elke skyfie of teken, en die stad of ander plek waar die onderneming geleë is op minstens een kant van die skyfie of teken gegraveer, behalwe skyfies wat slegs vir roulette gebruik word;
- (b) word die waarde van die skyfie of teken op elke kant van elke skyfie of teken gegraveer, behalwe skyfies wat slegs vir roulette gebruik word;
- (c) word die vervaardiger se naam of 'n kenmerkende logo of ander teken wat die vervaardiger identifiseer op minstens een kant van elke skyfie of teken gegraveer, behalwe skyfies wat slegs vir roulette gebruik word; en
- (d) word elke skyfie só ontwerp dat sy benaming onderskei kan word van dié van ander skyfies en tekens in die stapel wanneer dit saam met ander skyfies en tekens gestapel word en op kringtelevisie gesien word.

Addisionele spesifikasies vir tekens

30. Tekens word nie van materiaal vervaardig wat oor genoegsame magnetiese eienskappe beskik wat dit aanvaarbaar maak vir enige munt-meganisme buiten dié van 'n dobbelmasjien nie.

Gebruik van skyfies en tekens

31. (1) 'n Lisensiehouer wat skyfies by sy of haar dobbelonderneming gebruik -
- (a) kom alle toepaslike wette van die Republiek met betrekking tot skyfies en tekens na;
 - (b) verkoop skyfies en tekens slegs aan klante van sy of haar dobbelonderneming, en slegs op hul versoek;
 - (c) los sy of haar eie skyfies en tekens onmiddellik vir sy of haar klante af;
 - (d) sit opsigtelike kennisgewings in die onderneming op, wat klante in kennis stel dat hierdie regulasies die gebruik van die lisensiehouer se tekens en skyfies vir enige geldelike doel buite die onderneming verbied; en
 - (e) doen redelike stappe, met inbegrip van kontrolering van skyfies en tekens en die uitsoek van dié wat deur ander lisensiehouers uitgereik is, om te verhoed dat tekens of skyfies van ander lisensiehouer aan sy of haar klante verkoop word.
- (2) 'n Lisensiehouer mag nie skyfies of tekens as betaling vir enige goedere of dienste buiten voedsel en verversings wat by die lisensiehouer se dobbelonderneming aangebied word, aanvaar nie, met uitsondering van die spesifieke gebruik waarvoor die skyfies en tekens uitgereik is, en mag nie skyfies en tekens as kleingeld in enige ander transaksie uitkeer nie.
- (3) 'n Lisensiehouer mag nie sy of haar skyfies of tekens aflos as dit aangebied word deur iemand wat die lisensiehouer weet of met redelike sekerheid behoort te weet nie 'n klant van sy dobbelonderneming is nie, maar 'n lisensiehouer los onmiddellik sy of haar skyfies en tekens af as dit aangebied word deur -
- (a) 'n ander lisensiehouer wat te kenne gee dat hy of sy die skyfies en tekens vir sy klante afgelos het en hulle onwillens en wetens, per abuis, en onafwendbaar ontvang het; of
 - (b) 'n werknemer van die lisensiehouer wat die skyfies en tekens in die normale gang van diens aanbied.
- (4) 'n Lisensiehouer mag nie skyfies of tekens wat deur 'n ander lisensiehouer uitgereik is, willens en wetens verkoop, gebruik, die gebruik daarvan toelaat, dit aanvaar of aflos nie, behalwe soos volg:

- (a) 'n Lisensiehouer mag tekens aflos wat deur 'n ander lisensiehouer uitgereik is, as:
 - (i) die tekens deur 'n klant aan 'n kassier van die lisensiehouer se onderneming aangebied word en die klant verklaar dat hy of sy die tekens by die lisensiehouer se onderneming uit die uitbetaalgleuwe van dobbelmasjiene of van 'n werknemer van die lisensiehouer ontvang het; of
 - (ii) die tekens deur 'n klant by 'n tafelspel aangebied word en die lisensiehouer die tekens met tekens van sy eie aflos, die afgeloste tekens in die tafel se opvangbus plaas, en die afgeloste tekens uitsorteer en behoorlik daarvan rekenskap gee tydens die telling wat volgens die lisensiehouer se stelsel van interne kontrole uitgevoer word; en
- (b) 'n Lisensiehouer mag skyfies aflos wat deur 'n ander lisensiehouer uitgereik is, as:
 - (i) die skyfies deur 'n klant by die kassierhok van die lisensiehouer se dobbelonderneming aangebied word; of
 - (ii) die skyfies deur 'n klant by 'n tafelspel aangebied word en die lisensiehouer die skyfies met skyfies van sy eie aflos, die afgeloste skyfies in die tafel se kontantontvangsbussie plaas, en die afgeloste tekens uitsorteer en behoorlik daarvan rekenskap gee tydens die telling wat volgens die lisensiehouer se stelsel van interne kontrole uitgevoer word.
- (5) Skyfies waarvan die gebruik beperk is tot ander gebruike as by tafespelle of gespesifiseerde tafespelle mag by tafespelle of ongespesifiseerde tafespelle afgelos word deur die lisensiehouer wat uitreik, as die skyfies deur 'n klant aangebied word en die lisensiehouer die skyfies aflos met skyfies wat vir gebruik in die spel uitgereik word, die afgeloste skyfies in die tafel se opvangbus plaas, en afsonderlik en behoorlik vir die afgeloste skyfies rekenskap gee tydens die telling wat volgens die lisensiehouer se stelsel van interne kontrole uitgevoer word.

Aflossing van en beskikking oor afgeskafte skyfies en tekens

- 32. (1) 'n Lisensiehouer wat goedgekeurde skyfies of tekens by sy of haar dobbelonderneming permanent uit gebruik neem of vervang, hetsy vanweë sluiting of verkope van die onderneming of om enige ander rede, tref voorbereiding vir die aflossing van afgeskafte skyfies en tekens wat by afskaffing uitstaande is.
- (2) Die lisensiehouer lê die plan minstens 30 dae voor die voorgestelde verwydering, vervanging, verkope of sluiting skriftelik aan die Raad voor, tensy die sluiting of enige ander rede vir afskaffing van die skyfies of tekens nie redelikerwys voorsien kan word nie, in welke geval die lisensiehouer die plan so gou as redelik uitvoerbaar voorlê.
- (3) Die Raad kan die plan goedkeur of redelike veranderings as 'n voorwaarde van goedkeuring vereis. By goedkeuring van die plan, voer die lisensiehouer die plan soos goedgekeur, uit.

- (4) Bykomend tot enige ander redelike voorwaarde wat die Raad mag goedkeur of vereis, maak die plan voorsiening vir -
- (a) aflossing van uitstaande, afgeskafte skyfies en tekens in ooreenstemming met hierdie regulasies vir ten minste 120 dae na die verwydering of vervanging van die skyfies of tekens of vir minstens 120 dae nadat besigheid gestaak is, na gelang van die geval, of vir sodanige langer of korter tydperk as wat die Raad met goeie rede mag goedkeur of vereis;
 - (b) aflossing van skyfies of tekens by die perseel van die dobbelonderneming of by 'n ander plek wat die Raad mag goedkeur;
 - (c) publikasie van 'n kennisgewing van die afskaffing van die skyfies en tekens en van die aflossing en die tersaaklike tye en plekke in minstens twee koerante algemeen in omloop in die Provinsie minstens twee keer gedurende elke week van die aflostydperk, onderhewig aan die Raad se goedkeuring van die vorm van die kennisgewing, die koerante vir publikasie gekies, en die spesifieke dae van publikasie;
 - (d) opsigtelike aanbrenging van die kennisgewing in paragraaf (c) beskryf, by die dobbelonderneming of ander aflosplek; en
 - (e) vernietiging of ander wegmaking van die afgeskafte skyfies en tekens wat die Raad mag goedkeur of vereis.

Vernietiging van vals skyfies en tekens

33. (1) Tensy 'n hof met regsbevoegdheid in 'n bepaalde geval anders gelas, vernietig lisensiehouers vervalste skyfies of tekens wat by hul ondernemings gevind word, of raak daarvan ontslae op 'n ander wyse wat die Raad mag goedkeur of vereis.
- (2) Tensy die Raad of 'n hof met regsbevoegdheid in 'n bepaalde geval anders gelas, mag lisensiehouers van munte van die Republiek of enige ander land wat hulle gevind het in hul ondernemings gebruik is, onslae raak deur hulle in hul munt-inventarisie in te sluit of, in die geval van buitelandse munte, deur hulle vir plaaslike geld of munte te wissel en dan in hul geld- of munt-inventarisie in te sluit, of deur op enige ander wyse van hulle ontslae te raak.
- (3) Bykomend tot ander inligting wat die Raad mag vereis, teken 'n lisensiehouer aan -
- (a) die werklike en beweerde hoeveelhede en benamings van die munte en vervalste skyfies en tekens wat vernietig of op ander wyse kragtens hierdie regulasies weggemaak is;
 - (b) die maand waarin hulle gevind is;

- (c) die datum, plek en metode van vernietiging of ander wegmaking, insluitende, in die geval van buitelandse muntwisselings, die wisselkoers en die identiteit van die bank, wisselmaatskappy, of ander besigheid of persoon waarby of by wie die munte gewissel is; en
- (d) die name van diegene wat die vernietiging of ander wegmaking namens die lisensiehouer doen.

Reklame- en toernooiskyfies en -tekens

34. Reklameskyfies en -tekens word ontwerp, vervaardig, goedgekeur en gebruik in ooreenstemming met die bepalings van hierdie regulasies wat op skyfies en tekens van toepassing is, behalwe soos volg:
- (a) Advertensieskyfies en -tekens het sodanige vorm en grootte en ander spesifikasies dat dit onderskeibaar is van ander skyfies en tekens, soos deur die Raad bepaal;
 - (b) elke kant van 'n reklameskyfie en -teken dra opsigtelik die inskripsie "Geen Kontantwaarde";
 - (c) reklameskyfies en -tekens word nie gebruik, en lisensiehouers mag nie die gebruik daarvan toelaat, in transaksies buiten die reklame of toernooie waarvoor hulle uitgereik word nie; en
 - (d) die bepalings van regulasie 33 is nie op reklameskyfies en -tekens van toepassing nie.

Ander waarde-instrumente

35. Ander waarde-instrumente waarmee dobbel bedryf word, word ontwerp, vervaardig, goedgekeur, gebruik, afgeskaf, vernietig of andersins weggemaak in ooreenstemming met die bepalings van hierdie regulasies op skyfies en tekens van toepassing, behalwe soos volg:
- (a) Ander instrumente moet oor die vorm, grootte en ontwerp en oor sodanige ander spesifikasies beskik as wat die Raad mag goedkeur of vereis; en
 - (b) die Raad kan volgens sy diskresie goedkeuring vir waarde-instrumente buiten skyfies en tekens weier, of kan goedkeuring verleen, onderworpe aan sodanige voorwaardes wat hy toepaslik beskou.

Ontvangs van dobbelskyfies of -tekens van vervaardiger of verspreider

36. (1) Wanneer skyfies of tekens van die vervaardiger of verspreider daarvan ontvang word, word hulle deur minstens 3 van die lisensiehouer se werknemers van verskillende afdelings oopgemaak en gekontroleer.
- (2) Enige verskil tussen die faktuur wat die skyfies of tekens vergesel en die werklike skyfies of tekens wat ontvang is of enige defekte aan die skyfies of tekens word onmiddellik aan die Raad gerapporteer.

- (3) Ná kontrolering van die skyfies wat ontvang is, sien die lisensiehouer toe dat die benamings van die skyfies wat ontvang is, die hoeveelhede van elke soort skyfie wat ontvang is, die beskrywing van alle skyfies wat ontvang is, die datum van die kwitansie, en die handtekeninge van diegene wat die skyfies gekontroleer het, in 'n skyfie-inventarisgrootboek aangeteken word.
- (4) As enige van die skyfies wat ontvang is, in voorraad gehou moet word en nie by die dobbel tafels of 'n kassierhok gebruik word nie, word hulle in 'n aparte, geslote kompartement in of die brandkluis of in 'n kassierhok geberg en word in die skyfie-inventarisgrootboek as voorraadskyfies aangeteken.

Inventaris van skyfies

37. (1) Skyfies word in die teenwoordigheid van ten minste 3 persone van verskillende afdelings uit die skyfievoorraad-inventaris gehaal of teruggeplaas.
- (2) Die benamings, hoeveelhede en bedrae van skyfies wat op hierdie wyse geneem of terugbesorg word, word in die skyfie-inventarisgrootboek saam met die datum en handtekeninge van diegene wat die proses uitvoer, aangeteken.
 - (3) Elke lisensiehouer bereken en teken daagliks die onafgeloste las vir elke soort skyfie aan en sien toe dat 'n inventaris van skyfies wat in sirkulasie is, gehou word, en dat die uitslag van die inventaris in die skyfie-inventarisgrootboek aangeteken word.
 - (4) Elke lisensiehouer sien toe dat 'n inventaris van skyfies in voorraad mintens maandeliks gedoen word en dat die uitslag van die inventaris in die skyfie-inventarisgrootboek aangeteken word.
 - (5) Die prosedures wat gebruik moet word om die onafgeloste las te bereken en om skyfies in sirkulasie en in voorraad te inventariseer, word aan die Raad vir goedkeuring voorgelê.
 - (6) 'n Fisiese inventaris van skyfies in voorraad word minstens jaarliks gedoen, as die inventarisprosedures die verseëling van die geslote kompartement insluit.
 - (7) Buite dobbel-ure word alle skyfies in die lisensiehouer se besit in 'n brandkluis of in die kassierhok geberg, maar die skyfies wat die tafelkontant verteenwoordig, mag in 'n veilige kompartement toegesluit word, mits voldoende sekuriteit soos deur die Raad geodkeur, bestaan.

Bedryf van spelle

38. Alle spelle wat deur 'n lisensiehouer bedryf word, word in ooreenstemming met spelreëls deur die Raad bepaal of goedgekeur, bedryf.

Vertoon van die woord "casino"

39. Die woord "casino" word prominent buite op die perseel wat die gelisensieerde perseel huisves, vertoon.

Algemene vereistes vir toesigstelsels

40. (1) Elke lisensiehouer installeer, onderhou en hou te alle tye in werking, 'n toesigstelsel, wat bestaan uit kameras, monitors, videobandopnemers en 'n videodrukker, en wat die dekking wat deur hierdie regulasies vereis word, verskaf.
- (2) Die toesigstelsel beskik oor datum- en tydgenereerders wat die datum en tyd van die vasgelegde gebeure op elke videobandopname vertoon, en die vertoonde datum en tyd belemmer nie die uitsig op die opname nie.
- (3) Alle toerusting wat gebruik kan word om uitsigte van die toesigstelsel te monitor of op te neem, bly in 'n geslote vertrek wat slegs vir casino-toesigdoeleindes gebruik word en die ingang tot die toesigkamer is buite sig van die casinowerknemers en die algemene publiek geleë.
- (4) Toesigkamertoerusting het die kapasiteit om alle ander satelliet-kontroletoeerusting in ander kantore volledig te oorheers.
- (5) Die Raad en al sy agente kry te alle tye onmiddellike toegang tot die toesigkamer en ander toesig-areas.
- (6) Die toesigstelselkamer word ten alle tye beman en die toesigtoerusting gekontroleer deur opgeleide toesigpersoneel wat deur die lisensiehouer uitsluitlik vir toesigdoeleindes in diens geneem en opgelei word, in ooreenstemming met minimum standaarde deur die Raad goedgekeur, en beskik oor kennis van alle tafelspele en die regulasies en reëls op dobbelbedrywighede van toepassing.
- (7) Die toesigstelsel en -toerusting word direk en veilig bedraad op 'n wyse wat knoeiery voorkom en 'n hulpkragbron is beskikbaar en sterk genoeg om in die geval van 'n kragonderbreking ononderbroke krag en voldoende beligting om die toesigstelsel te bedryf, te verskaf.
- (8) Elke kontroleskerm van die toesigstelsel is diagonaal gemeet minstens 30 sentimeters groot.
- (9) Elke toesigstelselkamera in openbare areas kom agter 'n gerookte-glaskoepel, eenrigtingspieël of ander soortgelyke materiaal wat die kamera versteek.
- (10) Die toesigstelsel kan in swart en wit uitsig verleen en opneem, maar die uitsigte en opnames van kuiltransaksies by die casino-kontantkantore, roulette-tafels, progressiewe boerpotte, masjiene met rekeningtakseerders, en telkamers vir geldnote moet in kleur wees.
- (11) Die videodrukker wat vir die toesigstelsel gebruik word, moet oombliklik in opdrag 'n duidelike stilfoto of -kopie in swart en wit of kleur van die beelde op 'n videobandopname kan genereer.

- (12) Die lisensiehouer moet ingerig wees om direk afdrukke van videotoesigbande op standaard VHS- of ander formaat deur die Raad goedgekeur, te maak.

Telkamer- en casinotoesigstelsels

41. (1) Elke lisensiehouer installeer en bedryf ten alle tye 'n toesigstelsel wat duidelike, onbelemmerde uitsigte van alle areas en transaksies kontroleer en opneem in -
- (a) die telkamer vir munte en enige area waar ongetelde munte gedurende die val-en-telproses geberg word, met inbegrip van mure, deurskale, verpakkingsmasjiene, muntsorteerders, brandkluse, kluse en algemene werkoppervlakke;
 - (b) die telkamer vir geldnote, met inbegrip van mure, deure, opvangbusse, brandkluse, kluse en teloppervlakke wat deursigtig moet wees; en
 - (c) die casino-hok, met inbegrip van klantvensters, werknemervensters, geldlaaie, brandkluse, kluse, toonbanke, skyfiebergplek en aanvulvensters.
- (2) Alle transaksies in die telkamer vir munte, telkamer vir geldnote en casino-hok word met genoegsame duidelikheid opgeneem om identifikasie van elke werknemer en sy of haar beweging, en identifikasie van alle geld, munte en papierwerk moontlik te maak.
- (3) Die telkamer vir geldnote moet ingerig wees vir oudio-kontrolering en -opname.
- (4) Die geldnoot-telkamer- en munt-telkamerbande word minstens 30 dae gehou.

Tafelspel- en kaartkamertoesigstelsels

42. (1) Elke lisensiehouer wat tafelspelle of 'n kaartkamer bedryf, installeer, onderhou en bedryf te alle tye 'n toesigstelsel wat die volgende kan kontroleer en duidelike en onbelemmerde uitsigte daarvan kan opneem:
- (a) alle tafelspel- en kaartkamer-areas, duidelik genoeg om alle delers, klante, toeskouers en kuilpersoneel te kan identifiseer;
 - (b) alle tafelspel- of kaarttafeloppervlakke, insluitende tafelbanklaaie, duidelik genoeg om alle skyfies, kontant, dobbelsteen- en kaartwaardes, en die uitkoms van die spel te kan identifiseer;
 - (c) roulettetafels en -wiele, op 'n wyse wat uitsig van sowel die tafel as die wiel op een monitorskerm bied;
 - (d) alle opvangbus- en tafelnommers; en

- (e) alle kaartkamer- of podiumbanke, insluitende enige laaie, kabinetste en kluisse wat dit bevat:

Met dien verstande dat elke tafel voortdurend en apart gekontroleer en opgeneem word deur 'n toegewysde, permanente kamera terwyl die opvangbus aan die tafel geheg is.

- (2) Die toesigstelsel kan sowel die tafelspel-area as die tafelspel-oppervlak tegelyk kontroleer en opneem.

Dobbelmasjientoesigstelsels

43. (1) Elke lisensiehouer wat dobbelmasjiene vir spel blootstel, installeer, onderhou en bedryf te alle tye 'n toesigstelsel wat deurlopend kan kontroleer en duidelike, onbelemmerde, algehele en deurlopende uitsigte kan bied op en opnames kan maak van alle areas met dobbelmasjiene, wat duidelik genoeg is om alle klante en werknemers te identifiseer.
- (2) Elke lisensiehouer wat dobbelmasjiene vir spel blootstel, installeer, onderhou en beheer te alle tye 'n toesigstelsel wat deurlopend kan kontroleer en duidelike en onbelemmerde uitsigte kan bied op alle muntwisselhokkies, insluitende hul kontantlaaie, toonbankoppervlakke, telmasjiene, klantevensters en werknemervensters, en opnames kan maak wat duidelik genoeg is om alle transaksies, kontant-papierwerk, klante en werknemers te kan identifiseer.

Hoofstuk IV BEPALINGS MET BETREKKING TOT CASINO'S EN BINGO

Sekuriteitskantoortoesigstelsels

44. (1) Die toesigstelsel dek alle areas van 'n sekuriteitskantoor waarin mense deur sekuriteitsbeamptes aangehou, uitgevra, onderhoude mee gevoer of ondervra mag word.
- (2) Sekuriteitskantoordekking sluit sowel audio- as videodekking in, neem ten alle tye op wanneer iemand aangehou, uitgevra, 'n onderhoud mee gevoer of ondervra word, en die sein eindig in die toesigkamer.
- (3) Die lisensiehouer hou opnames minstens 30 dae nadat die voorval opgeneem is.
- (4) In elke kantoor of vertrek in hierdie afdeling word 'n kennisgewing, wat verklaar dat die area onder konstante audio- en videotoesig is, opsigtelik vertoon.

Defekte van toesigstelseltoerusting

45. (1) 'n Lisensiehouer stel 'n geskrewe register in, en onderhou dit, van enige en alle defekte van toesigstelseltoerusting en behou die register minstens een jaar ná die datum van die mees onlangse inskrywing in die register.
- (2) Elke defek word binne 24 uur herstel.

- (3) Indien herstelwerk nie binne 24 voltooi is nie, dien die lisensiehouer onmiddellik 'n skriftelike verslag, wat die rede vir die vertraging in herstel uiteensit, by die Raad in en behou die verslag minstens 30 dae nadat dit by die Raad ingedien is.
- (4) Die Raad kan volgens sy diskresie opdrag gee dat alle aktiwiteite in die area wat deur die defek geraak word, gestaak word totdat die herstelwerk gedoen is.
- (5) In die geval van 'n defek van 'n toegewysde kamera, opnemer of monitor, word die aktiwiteit, spelle of munt-outomate wat daardeur gedek word, gestaak of toegemaak totdat herstelwerk gedoen is.

Opnamevereistes vir toesigstelsel

- 46.
- (1) Bykomend tot enige ander videobandopnamevereistes wat deur hierdie regulasies voorgeskryf word of kan word, maak 'n lisensiehouer opnames van alle aktiwiteite en plekke, ook alle ingange en ontvangsareas, soos wat die Raad van tyd tot tyd mag vereis.
 - (2) 'n Lisensiehouer neem op videoband op, teken aan, en hou geskrewe verslag van alle aktiwiteite wat vir casino- of bingo-toesigpersoneel ongewoon of onreëlmatig lyk, of wat op 'n wet van die Republiek, die Wet en die regulasies of reëls daaronder uitgevaardig, inbreuk maak, en stel die Raad onmiddellik in kennis.
 - (3) Alle videobandopnames wat deur die toesigstelsel gegenereer word, bied 'n duidelike en onbelemmerde uitsig van die toneel wat daarop uitgebeeld word.
 - (4) 'n Lisensiehouer behou alle videobandopnames vir minstens 10 dae nadat die opname gegenereer is, tensy 'n langer tydperk deur 'n ander artikel van hierdie regulasies of in opdrag van die Raad vereis word.
 - (5) Elke videobandopname word deur toesigpersoneel gemerk met die datum en tydperk van opname en die areas wat deur die opname gedek is, en geteken deur die persoon wat die opname gemaak het, teen minstens die einde van die skof waartydens die opname gemaak is.
 - (6) Alle videobandopnames word in werklike tyd gemaak, nie in tydsverloop-opneemwyse nie.

Toesigstelselplanne en -veranderings aan toesigstelsel

- 47.
- (1) 'n Aansoeker vir 'n lisensie dien 'n toesigplan saam met sy of haar lisensie-aansoek vir goedkeuring by die Raad in.
 - (2) Die toesigstelselplan sluit 'n casino- of bingo-vloerplan in van die plasing van alle toesigtoerusting met betrekking tot die liggings wat volgens hierdie regulasies gedek moet word, en 'n gedetailleerde beskrywing van die toesigplan en toerusting.
 - (3) Geen aansoeker of lisensiehouer mag die goedgekeurde toesigplan in subregulasie (1) bedoel sonder vooraf goedkeuring van die Raad verander of aanpas nie.

- (4) 'n Aansoeker of lisensiehouer dien 'n gewysigde plan van enige verandering van die toesigstelsel minstens 30 vóór die voorgestelde verandering in.

Nakoming van toesigstelselvereistes

48. Aansoekers vir 'n casino- of bingo-operateurlisensie kom die vereistes van hierdie regulasies binne 7 dae vóór die aanvang van dobbelbedrywighede na.

BYLAE**GELDE**

(Artikel 89(1)(g) van die Wet)

A. GELDE VIR CASINO'S KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	
	R
• Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	500 000
• Casino-operateurlisensie	50 000
• Oordrag of verwydering van lisensie	10 000
• Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer	10 000
• Geskiktheidsertifikaat	10 000
• Wysiging van lisensie	10 000
• Sleutelwerknemerregistrasie	1 000
• Dobbelwerknemerregistrasie	500
• Wysiging van sleutelwerknemersertifikaat	1 000
• Wysiging van dobbelwerknemersertifikaat	500
Verhaling van ondersoekgelde	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoeke van die aansoeker aangaan • Die Raad beraam die ondersoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker 	
Lisensiegelde	
<ul style="list-style-type: none"> • Die houer van 'n casino-operateurlisensie betaal aan die Raad, by uitreiking van die lisensie en daarna vóór 1 April van elke jaar ten opsigte van die daaropvolgende belastingjaar of gedeelte daarvan eindigend op 31 Maart, lisensiegeld van R50 000 plus <ul style="list-style-type: none"> – R500 per geregistreerde dobbelmasjien – R1 000 per gelisensieerde casinotafel 	
Waarborg vir voltooiing van perseel	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Verbeurbare waarborg wat die Raad mag vereis ten opsigte van persele wat nog nie gebou of voltooi is nie, moet aan die Raad verskaf word deur 'n suksesvolle aansoeker om 'n casino-operateurlisensie 	

B. GELDE VIR ROETE-OPERATEURS KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	
	R
• Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	57 000
• Roete-operateurlisensie	28 500
• Oordrag van lisensie	5 000
• Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer	5 000
• Wysiging van roete-operateurlisensie	5 000
• Sleutelwerknemerregistrasie	1 000
• Dobbelerknemerregistrasie	500
• Geskiktheidsertifikaat	5 000
Verhaling van ondersoekgelde	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoek van die aansoeker aangaan • Die Raad beraam die ondersoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker 	
Lisensiegelde	
<ul style="list-style-type: none"> • Die houer van 'n roete-operateurlisensie betaal aan die Raad, by uitreiking van die lisensie en daarna vóór 1 April van elke jaar, lisensiegeld van R28 500 plus R300 per gelisensieerde beperkte-uitbetalingmasjien 	
Aanvullende sekuriteit	
<ul style="list-style-type: none"> • Die Raad kan van enige aansoeker vereis om vóór die aanvang, of in die geval van die houer van 'n lisensie, vóór die voortsetting van die besigheid wat ingevolge daardie lisensie gemagtig is, waarborg te verskaf vir die betaling van alle wetlike of dobbelverpligtinge wat betaalbaar is of betaalbaar mag word, tot die bedrag en in die vorm wat die Raad bepaal 	

C. GELDE VIR TERREINOPERATEURS KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	
	R
Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	5 000
• Terreinoperateurlisensie	2 500
• Oordrag of verwydering van lisensie	2 000
• Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer	2 000
• Wysiging van terreinoperateurlisensie	2 000
• Sleutelwerknemerregistrasie	500
• Dobbelerknemerregistrasie	250
• Wysiging van sleutelwerknemersertifikaat	500
• Wysiging van dobbelwerknemersertifikaat	250

• Geskiktheidsertifikaat	500
Verhaling van ondersoekgelde	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoek van die aansoeker aangaan • Die Raad beraam die ondersoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker 	
Lisensiegelde	
<ul style="list-style-type: none"> • Die houer van 'n terreinoperateurlisensie betaal aan die Raad, by uitreiking van die lisensie en daarná vóór 1 April van elke jaar, lisensiegeld van R2 500 	

D. GELDE VIR ONAFHANKLIKE TERREINOPERATEURS KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	R
Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	100 000
<ul style="list-style-type: none"> • Onafhanklike terreinoperateurlisensie • Oordrag of verwydering van lisensie • Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer • Wysiging van onafhanklike terreinoperateurlisensie • Sleutelwerknemerregistrasie • Dobbelerknemerregistrasie • Wysiging van sleutelwerknemersertifikaat • Wysiging van dobbelerknemersertifikaat • Geskiktheidsertifikaat 	30 000 5 000 5 000 3 000 1 000 500 500 250 500
Verhaling van ondersoekgelde	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoek van die aansoeker aangaan • Die Raad beraam die ondersoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker 	
Lisensiegelde	
<ul style="list-style-type: none"> • Die houer van 'n onafhanklike terreinoperateurlisensie betaal aan die Raad, by uitreiking van die lisensie en daarná vóór 1 April van elke jaar, 'n lisensiegeld van R30 000 plus R300 per gelisensieerde beperkte-uitbetalingmasjien 	
Aanvullende sekuriteit	
<ul style="list-style-type: none"> • Die Raad kan van enige aansoeker vereis om vóór die aanvang, of in die geval van die houer van 'n lisensie, vóór die voortsetting van die besigheid wat ingevolge daardie lisensie gemagtig is, waarborg te verskaf vir die betaling van alle wetlike of dobbelverpligtinge wat betaalbaar is of betaalbaar mag word, tot die bedrag en in die vorm wat die Raad bepaal 	

E. GELDE VIR BINGO KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	
Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	R
• Bingo-operateurlisensie of oordrag van lisensie	R100 per sitplek, hoogstens 55 000
• Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer	5 000
• Wysiging van lisensie	3 000
• Sleutelwerknemerregistrasie	1 000
• Dobbelerknemerregistrasie	500
• Wysiging van sleutelwerknemersertifikaat	500
• Wysiging van dobbelerknemersertifikaat	250
• Geskiktheidsertifikaat	2 000
Verhaling van ondersoekgelde	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoek van die aansoeker aangaan • Die Raad beraam die ondersoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker 	
Lisensiegelde	
<ul style="list-style-type: none"> • Die houer van 'n Bingo-operateurlisensie betaal aan die Raad, by uitreiking van die lisensie en daarna vóór 1 April van elke jaar, 'n lisensiegeld van R100 per gelisensieerde sitplek vir elke daaropvolgende belastingjaar of gedeelte daarvan eindigend op 31 Maart 	
Aanvullende sekuriteit	
<ul style="list-style-type: none"> • Die Raad kan van enige aansoeker vereis om vóór die aanvang, of in die geval van die houer van 'n lisensie, vóór die voortsetting van die besigheid wat ingevolge daardie lisensie gemagtig is, waarborg te verskaf vir die betaling van alle wetlike of dobbelverpligtinge wat betaalbaar is of betaalbaar mag word, tot die bedrag en in die vorm wat die Raad bepaal 	

F. GELDE VIR PERDEWEDRENNE KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	
Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	R
• Perdewedrenlisensie	40 000
• Oordrag of verwydering van lisensie	10 000
• Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer	1 000
• Wysiging van lisensie	1 000
• Sleutelwerknemerregistrasie	500
• Dobbelerknemerregistrasie	250
• Wysiging van sleutelwerknemersertifikaat	500
• Wysiging van dobbelerknemersertifikaat	250
• Geskiktheidsertifikaat	1 000

Verhaling van onderzoekgelde

- 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoek van die aansoeker aangaan
- Die Raad beraam die onderzoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker

Lisensiegelde

- R40 000 betaalbaar by uitreiking van die lisensie deur die Raad
- Die houer van 'n perdewedrenlisensie betaal aan die Raad 'n jaarlikse hernuwingsgeld van R30 000 vóór 1 April van elke jaar ten opsigte van elke jaar of gedeelte daarvan eindigend op 31 Maart

Aanvullende sekuriteit

- Die Raad kan van enige aansoeker vereis om vóór die aanvang, of in die geval van die houer van 'n lisensie, vóór die voortsetting van die besigheid wat ingevolge daardie lisensie gemagtig is, waarborg te verskaf vir die betaling van alle wetlike of dobbelverplichtinge wat betaalbaar is of betaalbaar mag word, tot die bedrag en in die vorm wat die Raad bepaal

G. GELDE VIR TOTALISATOR-OPERATEURS KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	R
Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	30 000
• Totalisator-operateurlisensie	10 000
• Oordrag of verwydering van lisensie	1 000
• Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer	1 000
• Wysiging van lisensie	1 000
• Sleutelwerknemerregistrasie	500
• Dobbelerknemerregistrasie	250
• Wysiging van sleutelwerknemersertifikaat	500
• Wysiging van dobbelerknemersertifikaat	250
• Geskiktheidsertifikaat	1 000
Verhaling van onderzoekgelde	
• 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoek van die aansoeker aangaan	
• Die Raad beraam die onderzoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker	
Lisensiegelde	
• R10 000 betaalbaar by uitreiking van die lisensie deur die Raad	
• Die houer van 'n totalisator-operateurlisensie betaal aan die Raad 'n jaarlikse hernuwingsgeld van R5 000 vóór 1 April van elke jaar ten opsigte van elke jaar of gedeelte daarvan eindigend op 31 Maart	

Aanvullende sekuriteit

- Die Raad kan van enige aansoeker vereis om vóór die aanvang, of in die geval van die houer van 'n lisensie, vóór die voortsetting van die besigheid wat ingevolge daardie lisensie gemagtig is, waarborg te verskaf vir die betaling van alle wetlike of dobbelverpligtinge wat betaalbaar is of betaalbaar mag word, tot die bedrag en in die vorm wat die Raad bepaal

H. GELDE VIR BEROEPSWEDDERS KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	R
Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	5 000
• Beroepswedderlisensie	5 000
• Oordrag of verwydering van lisensie	2 000
• Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer	2 000
• Wysiging van lisensie	500
• Sleutelwerknemerregistrasie	500
• Dobbelwerknemerregistrasie	250
• Wysiging van sleutelwerknemersertifikaat	500
• Wysiging van dobbelwerknemersertifikaat	250
• Geskiktheidsertifikaat	1 000
Verhaling van ondersoekgelde	
• 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoeke van die aansoeker aangaan	
• Die Raad beraam die ondersoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker	
Lisensiegelde	
• Die houer van 'n beroepswedderlisensie betaal aan die Raad by uitreiking van die lisensie en daarna vóór 1 April van elke jaar lisensiegeld R5 000 ten opsigte van elke jaar of gedeelte daarvan eindigend op 31 Maart	
Aanvullende sekuriteit	
• Die Raad kan van enige aansoeker vereis om vóór die aanvang, of in die geval van die houer van 'n lisensie, vóór die voortsetting van die besigheid wat ingevolge daardie lisensie gemagtig is, waarborg te verskaf vir die betaling van alle wetlike of dobbelverpligtinge wat betaalbaar is of betaalbaar mag word, tot die bedrag en in die vorm wat die Raad bepaal	

I. GELDE VIR DOBBELKNOOPAGENTE KRAGTENS DIE WET EN REGULASIES

Aangeleentheid	R
Lisensie-aansoekgeld (nie-terugbetaalbaar)	5 000
• Dobbelknoopagentlisensie	5 000
• Oordrag of verwydering van lisensie	2 500
• Toestemming vir verkryging van belang in lisensiehouer	2 500
• Wysiging van lisensie	2 500
Verhaling van ondersoekgelde	
• 'n Aansoeker, buiten 'n aansoeker om werknemerregistrasie, betaal alle kostes wat die Raad in sy ondersoek van die aansoeker aangaan	
• Die Raad beraam die ondersoekgelde en vereis vooruit 'n deposito van die aansoeker	
Lisensiegelde	
• R5 000 betaalbaar by uitreiking van die lisensie deur die Raad	
• Die houer van 'n dobbelknoopagentlisensie betaal aan die Raad 'n jaarlikse hernuwingsgeld van R2 500 vóór 1 April van elke jaar ten opsigte van elke jaar of gedeelte daarvan eindigend op 31 Maart	
Aanvullende sekuriteit	
• Die Raad kan van enige aansoeker vereis om vóór die aanvang, of in die geval van die houer van 'n lisensie, vóór die voortsetting van die besigheid wat ingevolge daardie lisensie gemagtig is, waarborg te verskaf vir die betaling van alle wetlike of dobbelverpligtinge wat betaalbaar is of betaalbaar mag word, tot die bedrag en in die vorm wat die Raad bepaal	